Dienelkander
Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos

Bedieningstema Desember 2024
Dankbaarheid (Kol. 3: 15-16)
22 Desember 2024

09:30 OGGENDEREDIENS: Prof Nico Vorster

Tema: Weerkaats God se lig in jou lewe!

ONTMOETINGSDIENS
Intreelied: Ps. 121-1: 1en 4; Votum;Seën; Loflied: Ps. 138-1: 1 en 4; Belydenis: Apostoliese Geloofsbelydenis

VEROOTMOEDIGINGSDIENS
Wet: Galasiers 5:13-26; Lied na die wet: Lied 241: 1-3; Gebed

WOORDDIENS
Skriflesing: Johannes 1:1-18
Sing: Lied 335:1 en 2; Woordverkondiging

ANTWOORDDIENS
Gebed; Liefdegawe – word by die deure opgeneem; Sing: Lied 334:1-4; Seën; Amenlied Sb 13-3.

GEEN AANDDIENS VANAAND

🙏 GEBEDSRIGLYNE DESEMBER: DANKBAARHEID🙏

Kolossense 2: 6-7: *"Aangesien julle dan Christus Jesus as Here aangeneem het, moet julle in verbondenheid met Hom lewe, in Hom gewortel en op Hom gebou, vas in die geloof soos julle geleer is, en met dankbaarheid vervul."*

1. Dankbaar dat Hy ons aangeneem het: *"Die boodskap van Jesus Christus se geboorte vertel opnuut weer van die feit dat God ons as Sy kinders aangeneem het. Hy het uit die hemel in genade neergebuig om ons in verlorenheid te vind en daaruit te verlos. Dit is die grootste genade-geskenk wat 'n sondaar ooit sal kan ontvang."*

Bid dat God ons opnuut weer bewus sal maak dat Hy ons in genade gevind het. Laat die besef hiervan ons weer met nederige dankbaarheid oorweldig.

2. In dankbaarheid neem ons Hom as Here aan: *Deur die Heilige Gees maak God ons bewus dat die Kindjie in die krip ook die Man aan die kruis was – en dat Hy nou die almagtige Koning (Here) aan God se*

regterhand is. Dit laat ons verder kyk en dink as net die gebeure van 'n Kersfees wat verby is. Dit fokus ons aandag op die Wederkoms wat nog kom.

Bid dat ons elkeen as gelowige die genade wat van God kom, bewustelik in geloof sal omhels en dat ons opnuut weer sal besef wat dit beteken om Jesus Christus as Here aan te neem. Dit is baie meer as om net van Hom te weet. Christenskap is meer as weet. Dit is om dankbaar in geloof Hom jou eie te maak.

3. Dankbaar in verbondenheid - gewortel in en gebou op Hom: *Die woorde van Kolossense 2:6-7 praat van 'n intieme verbintenis aan Jesus Christus. My verlossing in Jesus Christus bestaan uit 'n onlosmaaklik vasgebind wees aan Hom, maar ook 'n diepgaande gewortel wees in Hom en dan ook nog daarby, 'n gebou word op Hom. Verstaan ons regtig wat dit beteken? Hy het dit genadiglik vir ons bewerk.*

Bid dat ons elkeen regtig sal besef hoe dankbaar ons kan en moet wees vir so 'n kosbare verlossing. Die onlosmaaklike band wat ons nou met Jesus Christus het – in die verlossing wat Hy bewerk het, asook nou in die nuwe lewe waaraan ons deel gekry het.

4. Dankbaar - vas in die geloof – soos ons geleer het: *Die hoeveelste Kersfees vier jy hierdie jaar? Wat het jy al die jare uit Kersfees geleer? Dankbaarheid?*

Bid dat elke gelowige sal leer dat dankbaarheid nie net 'n gevoel is nie, maar 'n nuwe lewe in Jesus Christus. Dank die Here vir dit wat Hy bewerk het – en beleef dit nou dankbaar.

'n Dankbare Kersfeestyd word u almal toegebid…

MEELEWING

- Giel Vermeulen is in M-Care Hospitaal vir rehabilitasie.

Ons bid al hierdie lidmate troos en beterskap toe in hierdie beproewings.

ONS VRA VOORBIDDING VIR DIE VOLGENDE LIDMATE WAT SUKKEL MET SIEKTE OF SWAK GESONDHEID

Estette Bredenkamp, Kitty Kruger, Annatjie Duvenage, Bettie Niemand, Rita Schutte, Marianna Kruger en Marianna du Plessis.

BEDIENINGE VAN HIERDIE WEEK

Vandag
09:30 Oggenddiens
Geen Aanddiens

EREDIENSTE TYDENS VAKANSIETYD

Eredienste gedurende die vakansietyd:
22 Des: Prof Nico Vorster
25 Des: Gesamentlike Kerssdiens by GK Potchefstroom Die Bult om 09:00
29 Des: Ds Daan Bakker
5 Jan: Dr Kobus van der Walt

Geen aanderedienste gedurende hierdie tydperk nie.

Verlof
Ds Piet is met verlof vanaf 17 Desember tot 6 Januarie.

Adele Delport is met verlof vanaf 20 Desember tot 14 Januarie.
Vir hierdie tydperk sal die Kerkkantoor dus gesluit wees.

AFKONDIGINGS

- Beide liefdegawes vandag: Diakonie (Groot boks en Klein boks), Zapper-betaalmetode beskikbaar.
- Gawes volgende Sondag by die deure vir ons eie Diakonie.
- Vrywillige bydrae vir voertuigsekuriteit kan in die bussies gegooi word.
- Diensbeurt: Groep 8 en 9.

VERJAARSDAE

Baie geluk aan almal wat DV hierdie week verjaar!

Sondag, 22 Desember
Sr Gretha Heckroodt *

Dinsdag, 24 Desember
Sr Fransie Bakker
Sr Hanlie Kilian

Woensdag, 25 Desember
Sr Corrie du Plessis (Melkbosstr) *
Br Stewart Fourie

Donderdag, 26 Desember
Sr Poppie Opperman *

Vrydag, 27 Desember
Sr Izelle Naude

Saterdag, 28 Desember
Sr Tharia Basson

Maandag, 30 Desember
Sr Annatjie de Beer *

Dinsdag, 31 Desember
Sr Celia Kruger
Jsr Anika v Niekerk

Woensdag, 1 Januarie
Jbr Waldo Booysen
Jbr Xayden de Klerk
Jbr Faurie Niemand
Jbr Lukas Niemand

Donderdag, 2 Januarie
Br Simon du Plooy
Sr Alma Kruger *
Jbr Lourens Laufs

Vrydag, 3 Januarie
Br Bouke Spoelstra *

Saterdag, 4 Januarie
Sr Charlotte Coetzee *
Sr Jorette Erasmus
Br Abrie Kruger
Sr Magdel Rousseau
Br Petrus v Rooyen

Sondag, 5 Januarie
Sr Carin Kloppers
Br Conrad Opperman
Sr Wilna Pretorius *
Jbr Dieterich Schreck

Maandag, 6 Januarie
Sr Chantelle du Plessis
Br Christo vd Walt

Dinsdag, 7 Januarie
Jsr Frede-Nè Venter
Jbr Jandrè Visser
Jsr Nianei Visser
Sr Kleintjie Wiese*

Woensdag, 8 Januarie
Sr Gizelle Alberts
Br Frans de Villiers

Vrydag, 10 Januarie
Sr Heleen Kruger *
Br Christoff v Vuuren

Saterdag, 11 Januarie
Ds Ferdi Kruger

Maandag, 13 Januarie
Br Johan Faasen *
Sr Marinda Riekert

Dinsdag, 14 Januarie
Br Albert Schutte
Sr Marlise Styger

Woensdag, 15 Januarie
Jsr Simonè Bezuidenhout
Jbr Handrè de Wet
Sr Delene du Plessis *
Jsr Zianè Erasmus
Ds Piet Venter

Donderdag, 16 Januarie
Br Freddie Botha
Br Hennie Niemand *
Br Deon Truter

Vrydag, 17 Januarie
Jsr Diana de Klerk
Jsr Sumari de Wet
Jsr Esmari v Niekerk

***** Lidmate met spesiale verjaarsdae – 75 jaar en ouer

GESAMENTLIKE KERSDIENS:
GK DIE BULT OM 09:00

Hier volg die skakel na die Youtube uitsending:
https://youtube.com/live/ha_LXofS39o?feature=share

GKSA-NUUS

Beroepe ontvang

- Proponent KN (Koketso) Lepodise na GK Knapdaar

Beroepe aanvaar

- Proponent JFR (Johann) de Waal na GK Pietermaritzburg
- Proponent AJ (Riaan) Wattel na GK Welkom

Beroepe nie aanvaar nie

- Ds PGP (Pieter) le Roux van GK Wonderboompoort na GK Potgietersrus
- Ds LP (Leon) van Jaarsveld van GK Brakpan na GK Delmas

DANKIE AAN ONS BORG DIE WEEK!

SUSTERS

"'N KNAP VROU IS BAIE WERD, BAIE MEER AS EDELSTENE." – SPREUKE 31

SUSTERS: ELEKTRONIESE INBETALINGS

Liewe suster, om dit vir jou makliker te maak kan jy gerus die "Zapper App" aflaai en dan hierdie QR-simboolkode vir elektroniese inbetalings aan die Susters gebruik. Dui asb net vir ons aan waarvoor jy bydra: Jaarlikse sustersbydrae / Blikkies-warmharte / Kansa / Donasies.

TEESKINK-GELEENTHEID

Tee en koffie word vandag na die oggenddiens in die Skuur bedien.
Baie dankie aan groepsusters en hul groepe wat vandag hiermee help:
Susan Lourens en groep 4, Marijke Faught en groep 12, Mariana Plotz en groep 21, asook Anelle Venter en groep 29.

BLIKKIES-WARMHARTE

Die doel van die blikkies (wat jy in die voorportaal van die kerk kan kry) is dat almal hulle lastige kleingeld in 'n blikkie sal gooi en die vol blikkie dan in die voorportaal van die kerk sal neersit. Die geld word dan gebruik om blomme of iets toepaslik aan te koop vir iemand wat deur beproewing gaan. Bring gerus vir ons daardie kleingeld wat julle in grendeltyd opgegaar het vir hierdie fonds.
Baie dankie vir julle getroue bydraes!

Oosdoppertjie-Jeugbediening

1. Erediens Kinderblad

Ons kinders se deelname aan die erediens is belangrik. Ons dink aan die Here Jesus se uitnodiging: Laat die kindertjies na My toe kom! Die erediens is 'n ontmoeting tussen God en sy volk en ons kinders is net soveel deel van hierdie ontmoeting as ons volwassenes.

Om egter vir ons kinders hierdie ontmoeting so sinvol as moontlik op hulle vlak van verstaan te maak, gee ons tydens die skoolkwartaal 'n Kinderblad uit. Dit is voor die erediens in die voorportaal beskikbaar. Daar is ook inkleurpotlode en knipborde beskikbaar. Hierdie kinderblad bied aktiwiteite wat die kinders tydens elke element van die erediens kan voltooi. Ouers kan die kinders begelei oor hoe om dit te voltooi. Die hoop is dat die blaadjie ons kinders sal laat groei in hul geloof en verhouding met ons Here.

2. Bediening vir voorskoolse jeug tydens eredienste

Gedurende die skoolkwartaal bied ons vir die voorskoolse jeug 'n georganiseerde program aan, terwyl Woordverkondiging plaasvind. Die kleuterbediening vind plaas deur 'n lessie wat op die kleuters se vlak aangebied word, asook speletjies, samesang en gebed. Kleuters van 3jr tot Gr R is welkom om by ons aan te sluit. Enigiemand wat die behoefte het om betrokke te raak by kleuterbediening, is welkom om Tineke te kontak.

Kontakpersoon: Tineke van Rooyen (084 657 1019)

ALGEMENE INLIGTING

LIEFDEGAWES VIR BARMHARTIGHEID (DIAKONIE)

Hierdie QR-simboolkode is gekoppel aan die Diakonie se rekening en slegs bydraes vir Barmhartigheid kan daarmee gemaak word - geen ander betalings aan die Diakonie of kerkraad nie.

KONTAKBESONDERHEDE

Ds. Piet: 018 290 5635 / 082 779 1237
Hulpdiens: Ds. Pieter vd Walt – 082 851 3637
Ds. Daan Bakker - 082 829 8456
Kerkkantoor: Adele – 018 290 7690 / 082 532 8658 / kerkkantoor@oosdoppers.co.za
Koster: Dawie v Zyl – 082 774 7936

BANKBESONDERHEDE

Geref. Kerk Potchefstroom-Oos	**Diakonie**	**Susters (Nuwe rek)**
ABSA Bank	ABSA Bank	FNB
Tjekrek: 670 340 066	Tjekrek: 670 280 160	Tjekrek: 631 043 29130
Takkode: 632-005	Takkode: 632-005	Takkode: 250 655

SOSIALE MEDIA

WhatsApp: 067 713 2332
Facebook: www.facebook.com/oosdoppers
Webblad: www.oosdoppers.co.za
Erediens videobank: http://ow.ly/ivfZ309vsdc

Intydse erediensuitsendings op YouTube by: Oos-Doppers Potch